



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Job

**Die man wat aan God bly
vasklou het**

Sy verhaal

Hy sien hoe sy hande-in-die sye na hom staan en kyk, 'n ontevrede trek op haar gesig. Sou sy hom dalk verkwalik vir wat gebeur het? Die hemel weet, hy voel al sleg genoeg soos dit is!

Hy vat 'n potskerf van die ashoop en krap al om een van die swere waarmee sy hele lyf oortrek is. Die gekrap wil nie juis help nie, maar dit troos darem as hy so al rondom die swere ... "Sssss," trek hy sy asem skerp in as die pyn deur sy lyf skiet. Hy het per ongeluk 'n sweer raakgekap.

"Jy weet, Job, ek sal jou nooit verstaan nie," sê sy.

"Wat is dit dan nou?"

"Kyk om jou: jy het niks meer oor nie. Jou osse, jou donkies, jou kleinvee, jou kamele, jou slawe, jou kinders ..." 'n Snik klink in haar keel toe sy dit sê, sodat sy moet sluk. "Ons kinders! – ons het niks oor nie. Niks! En kyk hoe lyk jy! Net 'n patetiese bondel stinkende swere. En wat sê jy? 'Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.' Gmf!"

Haar stem koggel hom as sy hom namaak, en elke woord is 'n dolksteek in sy hart. Maar hy byt op sy tande en sê niks, kyk haar net met hartseer oë aan. Hoe graag sou hy nie wou hê dat sy hom in sy donkerste uur moet bystaan nie!

"Vir wat sit jy net daar en sê niks? Vervloek God, man. Dis al wat nog vir jou oorbly. Vervloek God en sterf dan."

Toe kan hy dit nie meer hou nie, en al die seer van die afgelope paar weke borrel uit. "Jy praat nou soos 'n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?"

"Hoe kan jy in God bly glo as Hy al dié dinge oor jou gebring het?"

"Hoe kan ek ophou glo? Hy is dan al wat ek oor het."

Job 1:1-2:10

Pas jy dalk in dié storie?

Dis maklik om in God te glo as alles met jou goed gaan. Dis dan maklik om vir almal te vertel dat God groot is en goed is. Jy beleef immers elke dag hoedat Hy sorg en voorsien.

Dit het met Job ook goed gegaan, en hy het in God geglo. Die duiwel het egter 'n teorie gehad oor Job se geloof. Sy teorie was dat dit nie net maklik is om te glo as dit goed gaan nie. Sy teorie was dat jy glo juis omdat dit goed gaan. Omdat jy gesond is, omdat jy 'n goeie werk het, omdat jou finansies redelik is, omdat jy 'n goeie vrou en oulike kinders het. Omdat jy al hierdie dinge het, glo jy, want jy weet dis Hy wat dit vir jou gegee het. Dit sou dom wees om op te hou glo en die rug op die Een te draai wat vir jou sorg. Dit sou net so onnosel wees as om die gans wat die goue eiers lê, te slag. So gaan Satan se teorie.

En dan gebeur die onverstaanbare. God laat Satan toe om sy teorie in die praktyk te toets, en Job bewys Satan verkeerd, maar met watter katastrofale gevolge vir hom en sy huis! Hy verloor alles wat hy het; alles wat vir hom lief en dierbaar was. Sy vrou raak bitter en draai die rug op God en op hom; sy vriende vermaan hom om te erken dat dit op een of ander manier sy eie skuld is dat alles oor hom gekom het. En Job sit alleen. Hy verstaan nie wat aan die gang is nie.

Hoe nou gemaak?

Ek moet erken dat ek ook nie verstaan wat in die Job-verhaal gebeur nie. Hoekom laat God Satan toe om Job en sy dierbares te tref? Waarom raak Hy betrokke in so 'n soort weddenskap waarin Job 'n proefkonyn word, uitgelewer aan die nukke en grille van Satan? Goed, Satan mag nie sy lewe geneem het nie, maar ek verbeel my dit sou vir Job verkieslik gewees het bo wat hy alles moes deurmaak!

Wat is hier aan die gang? Ek weet nie. Ek weet regtig nie, want dit wat hier gebeur, skeur die prentjie van God wat ek in

my kop omdra, nogal taamlik stukkend. Is Hy dan nie 'n God van liefde nie? Het Jesus dan nie gekom, dat ons die lewe kan hê, en dit in oorvloed (Johannes 10:10) nie?

Miskien is dit die beste om te maak soos Job. Hy verstaan ook nie wat aan die gang is nie. Al wat hy in sy nood en onbegrip kon doen, is om aan God vas te klou, al lyk God vir hom skielik glad nie so vriendelik nie. Hy weier om vir God te los, want God self was die enigste sekerheid wat hy oorgehad het. Net God.

En gaandeweg, deur sy worsteling om te verstaan wat met hom gebeur, ontdek hy dat dit nie hy is wat aan God vasklou nie; dis God wat hóm vashou! Hoor wat bely hy in Job 19:25-27:

*“Ek weet dat my Losser leef,
uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!
Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het,
sal ek nog lewe en God sien.
Ek sal Hóm sien,
met my eie oë sal ek Hom sien, Hom en niemand anders nie.
Ek smag daarna met my hele lewe.”*

Klou vas, verbete! En weet dat God jóú ook nie sal los nie, want ons Verlosser leef, en Hy hét op die aarde triomfeer. Op Golgota.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)

- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Rigters 16:20 SIMSON STEUN OP SY EIE KRAG

Simson was 'n baie sterk man. Hy kon eintlik doen wat hy wou, want niemand kon enig-iets aan hom doen nie. Die Bybel vertel vir ons dat hy allerhande wonderlike dinge aangevang het. Hy het 'n leeu met sy kaal hande verskeur; hy het 30 Filistyne sommer in 'n japtrap doodgemaak; hy het 300 jakkalse gevang en hulle sterte aanmekaar vasgemaak met 'n brandende fakkel tussen-in en hulle losgelaat in die landerye van die Filistyne; hy het met 'n donkie se kakebeen 1000 man verslaan; hy het die stadspoort van Gasa se deure met kosyn en al uit die stadsmuur geruk en dit tot bo-op die berg gedra. 'n Mens kan dus met reg sê: Simson was die sterkste man wat nog ooit gelewe het. Ek meen, teen hom lyk 'n ou soos Arnold Schwarzenegger na 'n kleuter.

Maar dit is nie al wat ons van hom mag sê nie. Want hy was nie uit sy eie so sterk nie. Daar was 'n geheim agter sy bomenslike krag. Simson se krag het nie in homself gelê nie;

hy het sy krag van die Here ontvang. Daarom lees ons elke keer voordat hy so 'n wonderlike ding aanvang, dat die Gees van die Here hom sterk gemaak het (bv 14:6,19; 15:14). Dit was God se krag wat hom in staat gestel het om sulke dinge te doen. Want van voor sy geboorte af reeds het sy ouers hom aan die Here gewy. En ons lees ook dat Simson dit geweet het. Toe hy bv die 1000 Filistyne met die kakebeen doodgeslaan het, het hy gebid en vir die Here gesê (15:18): “U het hierdie groot oorwinning deur my moontlik gemaak.”

Maar soos dit maar dikwels met ons ook gaan, het Simson later gewoon geraak aan sy buitengewone krag. Dit het hom nie meer verwonder nie. In Klaagliedere kry ons die sleutel vir 'n lewe wat anders loop as dié van Simson: Daar skryf die digter dat die Here se liefde elke môre nuut is (2:23). En in Ps 31:20 lees ons: “Hoe groot is u goedheid: dit is altyd daar vir dié wat U dien ...”

Kom ons staan net 'n oomblik by dié gedagte stil. Elke môre is die Here se liefde en ontferming nuut. Sy goedheid is altyd daar vir dié wat Hom dien.

As Simson maar só gedink het! Dan sou hy elke dag opnuut verwonderd voor die Here geleef het; dan sou hy nie vergeet het dat hy sy krag van die Here gekry het nie. Hy het gedink dat sy krag onuitputlik is, dat hy self oor die geweldige krag beskik. En selfs toe hy sy gelofte aan die Here breek deur vir Delila te vertel dat sy hare nie gesny mag word nie, het hy nog altyd gedink dat hy sal kan maak en breek soos hy wil, want hy is mos so vreeslik sterk. Daarom lees ons in vs 20 Simson het gedink: “Ek sal weer uitstap soos die vorige kere en my losruk.” Want, sê die Bybel, het hy nie besef dat die Here hom verlaat het nie. Simson het op homself begin vertrou, in plaas daarvan om op God te vertrou, en daarom het die Here hom verlaat. Want Simson het gedink: Ek het nie meer die Here nodig nie. Ek sal sommer self regkom, soos al die vorige kere. En dit het sy ondergang beteken. Hy het nie net sy krag verloor nie, maar ook sy oë en sy vryheid.

Hierin lê daar natuurlik 'n baie groot waarskuwing vir ons opgesluit. Ons mag nooit vergeet dat ons hele lewe in God se hand is nie. Hy is die Een wat elke dag vir ons sorg en vir ons die krag gee om voort te gaan. Dit is deur sy genade dat ons hier kan sit en nie siek is nie. Ons as mense is so geneig om te dink dat ons ons sake self kan reël, dat ons self oor ons eie toekoms beskik en dat ons self in ons behoeftes kan voorsien. 'n Mens werk tog hard daarvoor.

Jakobus skryf daaroor in Jak 4:13-16: 13Kom nou, julle wat sê "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." 14Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. 15Julle moet eerder sê "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." 16Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpraterij is verkeerd.

Die verhaal van Simson wil vandag dít vir ons onderstreep: Ons moet weer 'n keer besef dat ons nie maar kan lewe asof God nie bestaan nie, en asof Hy nie oor ons lewe beskik nie. Die verhaal van Simson wil vir ons sê dat ons weer 'n slag ons afhanklikheid van die Here moet besef en na Hom opsien vir ons lewe van elke dag, want dan sal Hy vir ons sorg.

Simson het hierdie les ook uiteindelik op die swaar manier geleer. Want daar in die tronk, terwyl hy besig was om koring te maal, het hy baie tyd gehad om te dink oor sy lewe en oor wat dan verkeerd gegaan het, en toe het dit tot hom deurgedring dat sy groot sonde die feit is dat hy sy afhanklikheid van God vergeet het. Daarom lees ons dat hy aan die einde van sy lewe weer tot God gebid het en hierdie keer van Góð gevra het om vir hom die krag te gee wat hy nodig het om die tempel om te ruk.

Gelukkig is dit nie nodig dat ons dieselfde paadjie as Simson hoef te loop, en eers ons koppe hard stamp voor ons hierdie les leer nie. Daarom is die geskiedenis van Simson in die

Bybel vir ons opgeteken. Daarom, kom ons gee elke dag, ook vandag, aan God die eer wat Hom toekom, kom ons lewe in afhanklikheid van Hom. Soos God in Simson se lewe magtig gewerk het, so kan – en wil – Hy ook in ons eie lewens elke dag op wonderlike maniere voorsien.

Hoe skryf Paulus nou weer in Fil 2:12-13?


12My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlose mense te lewe, 13want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

Amen.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)

- [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek



'n Gebed vir Nasionale Vrouedag

Hemelse Vader,

Op hierdie Nasionale Vrouedag kom ons met dankbare harte na U. Ons dank U vir elke vrou wat U na u beeld geskape het – elke moeder, ouma, dogter, suster, eggenoot en vriendin. Dankie vir die unieke gawes waarmee U hulle toegerus het: liefde wat versorg, wysheid wat rigting gee, moed wat volhard en geloof wat bly hoop, selfs wanneer die pad moeilik word.

Here, ons bring vandag al die vroue van ons land voor U. Ons bid vir dié wat vreugde beleef, maar ook vir dié wat swaar dra. U ken die vrou wat in stilte huil, wat oor haar kinders bekommerd is, wat eensaam is, wat siekte dra, wat geweld of onreg ervaar het, of wat moed verloor het. Wees U hulle Skuilplek, Trooster en Sterkte. Omvou hulle met u liefde en laat hulle weet dat hulle kosbaar is in u oë.

Ons bid vir moeders wat hul kinders grootmaak, vir vroue wat alleen verantwoordelikheid dra, vir weduwees, vir jong meisies wat nog hul plek in die wêreld soek, en vir oumas wie se wysheid geslagte verryk. Gee aan elkeen die genade om hulle roeping met vreugde en getrouheid uit te leef.

Skenk aan die mans in ons gemeenskappe harte van respek, eer en liefde, sodat elke vrou met waardigheid behandel sal word. Laat ons as samelewing opstaan teen mishandeling, vernedering en onreg. Maak ons instrumente van u vrede, waar geregtigheid

en barmhartigheid mekaar ontmoet.

Vader, vorm die vroue van ons land na die voorbeeld van die godvresende vroue waarvan u Woord getuig – vroue wat U vrees, wat met wysheid praat, met sagmoedigheid leef en met geloof die toekoms tegemoetgaan. Mag hulle ligdraers wees in hul huise, kerke, werkplekke en gemeenskappe.

Ons bid ook vir die jong meisies van Suid-Afrika. Bewaar hulle teen verkeerde invloede. Gee hulle die wysheid om hul identiteit in U te vind en nie in die stemme van hierdie wêreld nie. Laat hulle groei tot vroue van karakter, integriteit en onwrikbare geloof.

Here, laat u seën rus op elke vrou vandag. Vernuwe hulle krag, versterk hulle geloof en vul hulle harte met hoop. Mag hulle weet dat U saam met hulle stap – elke dag, deur elke seisoen van die lewe.

Ons vra dit alles in die Naam van Jesus Christus, ons Here.

Amen.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)

- [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Noag en sy seuns

Die manne wat 'n skip ver van die see af gebou het

Sy verhaal

“Hei, Oubaas, bou jy nog lekker aan jou bootjie?” koggel Irad. “Jy sal nou moet klaarmaak, want een van die dae kom die reëns, en dan sit jy met 'n halfklaar boot. Wat gaan jy dan doen?”

Sem, wat binne-in die halfklaar boot besig was om aan die diere se hokke te werk, het Irad hoor praat, en kom uit. “Is dit al weer jy, Irad? Het jy nie werk vir jou hande nie? Vir wat staan jy hier en ginnegaap?”

“Nee, ek kom kyk net hoe vorder julle met julle gekke boot-besigheid. Malligheid, as jy my vra.”

“Maar nou vra ons jou nie,” skree Gam van waar hy op die nok van die ark sit, besig om pik in die laste in te werk. “Maak

nou dat jy wegkom, anders ...”

“Toe nou maar, Gam,” keer hulle pa vinnig. As Gam eers kwaad is, kan dinge lelik hand-uit ruk. Vir Irad sê hy: “Ou seun, ek is nie bekommerd oor of ons sal klaar wees as die reëns kom nie. God sal dié dinge goed reël. Maar waarom ek bekommerd is, is dat jý nie dan saam met my en my mense in die skip sal klim nie. Wat gaan jy maak as dit begin reën?”

“Moet net nie vir my sê jy wil al weer begin preek nie, Oubaas! Daarvoor het ek tog nie vanoggend krag nie,” sug Irad, en draai sy oë hemelwaarts. Sonder ’n verdere woord gee hy pad.

Toe hy weg is, vra Jafet, die jongste: “Pa, ekskuus dat ek dit nou vra, maar sê nou maar net Irad en al die ander mense is reg? Dan het ons al hierdie werk puur verniet gedoen. Ons doen nou al maande lank niks anders nie as bou, bou, bou. Sê nou net daar kom nie ’n groot reën, soos Pa verwag nie. Wat dan?”

“Ja,” las Gam by, en beduie na die opening waar die skip se deur nog moet kom, “en hoe gaan ons al die diere wat in die skip moet kom, inkry? Dink Pa hulle sal ewe gedwee hier aangestap kom en twee-twee in hulle hokke gaan staan?”

“Ek moet sê, partykeer wonder ek ook wat ons gaan maak as die reën nie kom nie. Ons is al klaar die spot van die plek. Hoe sal ons ooit weer ons gesigte in die dorp kan wys?” sê Sem sag.

Stadig sit hy die hamer op die stomp voor hom neer, en kyk dan op na sy drie seuns in die half-klaar skip. Daar is trane in sy oë as hy antwoord: “Dink julle vir een oomblik ek wonder nie ook oor dié dinge nie? Ek het geen bewyse dat wat ons doen, reg is nie. Al wat ek weet, is dat God met my gepraat het. En daaraan klou ek vas, anders het ek al lankal ondergegaan.”

Genesis 6:5-22 en Hebreërs 11:7

Pas jy dalk in dié storie?

Dalk is jy geskok oor die soort vrae wat Noag se seuns (en hyself ook!) vra. Dalk dink jy dis oneerbiedig om so te praat. Maar dalk, diep in jou hart, waar jy dit nie eens aan jouself wil erken nie, huiwer daar ook sulke vrae. Iemand wat nog nooit dié soort vrae gevra het nie, het bes moontlik nog net nooit lank en diep genoeg oor geloofsake gedink nie. Want dié soort twyfel is nie net beperk tot die Tomasse onder ons nie. Alle gelowiges (of miskien moet ek veiliger speel en sê die meeste gelowiges) sukkel van tyd tot tyd met die probleem dat geloof nie op sigbare feite rus nie. Die Hebreërskrywer het dit daarom gerade geag om 'n hele hoofstuk aan dié vraag te wy (Hebreërs 11).

Hoe nou gemaak?

Moenie skrik as jy ook soms wonder of dit wat die Bybel ons leer, regtig waar is nie. Dit gebeur met die beste onder ons. En moenie, as sulke vrae in jou gemoed ontstaan, tou opgooi en begin wanhoop nie. Maak soos Noag. Hy het eenvoudig voortgegaan in die geloof dat alles tog nie versinsels is nie. En toe die diere ewe gedwee twee-twee aangestap gekom het, en die water stadig maar seker om die ark begin styg het, was hy gereed.

Daar kóm dae waarin jy meer vrae het as antwoorde. Daar ís dae waarin jy wonder of jy regtig glo. Daar kom tye wanneer jy nie lus het om jou Bybel oop te maak nie, of wanneer jy wonder of Iemand ooit luister as jy bid; dae waarin jy verdwaas om jou kyk en wonder of net jy dan nog glo. Moenie dan ophou met glo nie! Klou juis dan aan God vas, verbete. En hou vol met die geloofspad. Want al sien en beleef ons God nie elke dag nie, gebeur dit tog van tyd tot tyd dat jy God naby jou beleef. Dink vir 'n oomblik terug. Jy sal sulke oomblikke uit jou verlede onthou. En tel dan jou kop op, byt op jou tande, en jaag die duiwel en sy twyfelstellings uit jou lewe.

Martin Luther het op 'n keer, toe sulke vrae hom geteister het, met sy skrywersmes in groot letters op sy lessenaar uitgekerf, sodat hy dit elke dag kan sien: “Ek is gedoop!” Miskien moet jy ook iewers op 'n plek waar jy dit elke dag kan sien, só 'n soort herinneringsteken van God se teenwoordigheid in jou lewe oprig. En miskien kan jy die volgende op jou herinneringsnota skryf:


Romeine 8:24,25

Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)

- [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
- [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek



Matt 13:31-33 God werk anders

As jy aan sukses dink, wat is die woorde wat by jou opkom?

In die meeste van ons se denke vereenselwig ons sukses met groot of blink of magtig of invloedryk of ryk of baie. In die kerk is dit nie anders nie. Die gemeente met die meeste lidmate, of die modernste kerkgebou, of die indrukwekkendste programme ... In die ou Westerse stede was die grootste en imposantste geboue die katedraal. Hierdie kerkgebou waarvoor ons almal so lief is, vertel ook iets van hierdie soort denke: as jy God wil eer, moet jy groot dink, en indrukwekkend. Dit troon uit bokant al die ander geboue in die dorp.

Ek het 'n spotprent gesien, jare gelede, van 'n biskop wat met al sy wonderlike klerikale klede en goue kettings en kruise en dinge voor die altaar staan in die fantastiese katedraal, en dan bid hy: "Here, hou ons nederig en beskeie." Dit skrei ten hemele! Maar ons is al só deel van die blink kultuur dat ons dikwels nie eers die ironie van die situasie raaksien nie.

En dis nie asof ons nie gewaarsku is nie!

Vat nou maar vir Jesus. Wat sien julle in Hom wat blink en spoggerig is? Net mooi niks nie! Hy was 'n nederige man met niks wat Hy sy eie kon noem nie. Hy het nie in 'n spoggerige paleis gewoon of op 'n blinkswart hings gery om sy werk te doen nie. Hy het nie eers 'n huis gehad nie, en Hy moes loop om te kom waar Hy wou wees. Dis hoe die Een wat gesê het: "Volg My" geleef het.

En as ons na die dissipels kyk wat Hy gekies het om die koninkryk verder te vat, is dit ook nie die blinkste seuns in die ganse Palestina nie. Dis vissers, tollenaars, twyfelaars ...

Later, as Jesus met Johannes op die eiland Patmos praat oor die verskillende gemeentes in Klein-Asië, is die gemeente wat die verdoemendste oordeel moes hoor, Laodisea, die rykste gemeente wat gespog het dat hulle niks meer nodig het nie (Op 3:17).

En in ons Skrifgedeelte sê Jesus dit weer. Dis nie die grootste en indrukwekkendste waarmee Hy die koninkryk van die hemel vergelyk nie, maar 'n mosterdsaadjie, die kleinste landbousaad van sy dag, onaansienlik, amper ignoreerbaar. Of, sê Hy, die koninkryk is soos suurdeeg wat 'n vrou in 'n groot skottel meel inwerk. Dit lyk nie juis na iets as jy daarna kyk nie. Jy sou nooit kon raai dat dit enige verskil aan die deeg gaan maak nie.

Ek dink ons moet dit vanoggend opnuut in Jesus se gelykenisse hoor: God het nie groot en blink en indrukwekkende dinge nodig om sy koninkryk te laat groei nie. 'n Mosterdsaadjie is vir Hom genoeg. Of 'n bietjie suurdeeg.

Kom ek stel dit anders: God het nie groot en imposante en dinamiese super Christene nodig in sy koninkryk nie. Ek en jy is vir Hom genoeg. Want vir die groot en wonderlike en indrukwekkende van die koninkryk sorg Hý. Hý gee die groei. Hý verander mense. Nie ek en jy nie. Nie Dealesville gemeente nie. God.

Kom ek sê dit weer: ek en jy is vir God genoeg. Hy sal sy koninkryk in hierdie wêreld vestig en uitbou deur ons. Mits ons natuurlik in Hom geanker is, en toelaat dat Hy deur ons werk. Want dis die geheim van die koninkryk: dit kom nie deur die opspraakwekkende nie. Dit kom deur God. Hý is die geheim van die koninkryk.

Daarom gaan ons vanoggend weer die nagmaal vier. Dis nie 'n

feesmaal in wêreldse terme nie – net 'n stukkie brood en wyn. Maar in God se genade word dit ons toerusting, verenig dit ons met Christus, sodat ons in ons klein dae van gehoorsaamheid deel kan word van God se bouwerk aan sy koninkryk.

So kom ons neem vanoggend die tekens van brood en wyn en sê daarmee vir die Here: “Here, hier is ek. Ek gee myself. Gebruik my.”

Maar kom ons bid ook: “Here, ek het U nodig. Vul my, verander my, besiel my!”

Onlangse Bydraes

- [Joh 6:56,57 NAGMAAL, SODAT ONS KAN LEWE!](#)
- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)
- [Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)